Publication: Sake 24 (Burger Kaap)
Date: 16 Aug 2016
Page: 13

Kiks-Oos kan teen Maart ’17 oopmaak

Francois Williams

Kaapstad. – Die oostelike uitbreiding van die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum (Kiks) is op koers om teen Maart volgende jaar oop te wees vir sake.

Die bouwerk aan Kiks-Oos het in 2014 begin, 11 jaar nadat die oorspronklike konferensiesentrum sy deure amptelik geopen het.

Julie-May Ellingson, uitvoerende hoof van Kiks, sê in ’n verklaring die uitbreiding gaan Kiks in staat stel om groter geleenthede aan te bied en verskeie grootskaalse geleenthede gelyktydig te kan aanbied.

“Die bouwerk aan Kiks-Oos en die omringende bouprojekte het ’n geweldige impak op werkskepping en skep geleenthede vir ekonomiese ontwikkeling,” sê Ellingson.

’n Belangrike mylpaal in die bouwerk is dat begin is om die glasvensters aan die westelike kant van die nuwe gebou aan te bring. Die volgende stappe sal wees om die lê van die dakplate te voltooi, wat teen September sal begin, en die inrig van die kombuise en koelkamers teen die einde van Oktober.

Die voltooide uitbreiding sal 31 000 m² beslaan. Die hoof-ruimte sluit 10 000 m² se konferensie- en uitstalruimte in, wat onderverdeel kan word in ses sale (drie sale per vloer), vier vergadersale, vyf kleiner vergaderkamers en twee terrasruimtes.

Die nuwe ontwikkeling sal ook drie kombuise hê en ’n moderne voetgangerbrug wat dit met die bestaande Kiks verbind.

’n Tonnel onderdeur die Heerengracht sal die twee geboue se diensareas verbind.

Die Kaapse munisipaliteit, die Wes-Kaapse regering en die Kiks-maatskappy het R832 miljoen aan die bou van Kiks-Oos bestee.

’n Onlangse uitsig op die bouwerk aan Kiks-Oos, die oostelike uitbreiding van die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum.
Foto: KIKS

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission